

Jacomien van Niekerk

Jacomien van Niekerk is verbonde aan die Departement Afrikaans, Universiteit van Pretoria.
E-pos: jacomien.vanniekerk@up.ac.za

Biografie in die pryslied: die bydrae van Antjie Krog naas twee Xhosa-prysssangers

Biography in the praise poem: the contribution of Antjie Krog along with two Xhosa praise poets

This article explores praise poems as biographical documents. Antjie Krog's poem "pryslied" ("praise poem"), written in reaction to Nelson Mandela's presidential inauguration, is compared to two Xhosa praise poems performed at the inauguration. This comparison makes an appreciation of her poem as praise poem possible. The three praise poems are specifically analysed as texts in which the biography of Mandela is both reproduced and created. From this analysis it becomes clear to what extent Krog applies the conventions and means of the traditional Xhosa praise poem in her poem. Ultimately the focus of the article is on the contribution Krog's poem makes not only to the biography of Mandela, but also to the genre of the praise poem in South Africa and to South African literature. However, problematic aspects of Krog's use of the *izibongo* tradition are also addressed, and a possible solution is suggested. **Key words:** Afrikaans poetry, Antjie Krog, praise poetry, South African Literature.

Inleiding

In Antjie Krog se bundel *Gedigte 1989-1995* heet die tweede gedig "pryslied". Dit is 'n Afrikaanse pryslied opgedra aan Nelson Mandela.

pryslied

1. in die sandkliphart
2. vandag
3. staan hy
4. kop en skraal skouers staan hy bo almal uit
5. houtskool en as is sy hare
6. hy, die sandkleurige seun van uNosekeni
7. uNosekeni die ma van Mandela
8. hy, die man met die vlesige palmkussings

9. hier staan hy
10. uit die gevestigde familie van uNgubengcuka
11. die seun van Dalindyebo
12. die seun van Mandela
13. hy van die rivieroewers by iNqunu
14. heelmaker uit die Thembu-stam

15. 'n klein swart ster priem sy bolip

16. ons prys hom
17. hy wat nie lag nie en nie huil nie
18. eerste ratelaar van Umkhonto we Sizwe
19. die swart pimperl
20. hy wat nie lag nie en ook nie huil nie

21. hier staan hy dan nou voor ons
22. Nelson Rolihlahla Mandela
23. getrokke tak van lank gelede
24. die sleepsels van sy blare lê wyd
25. legendaries is hy – opspoorder van harte
26. hy maak die pante bymekaar
27. van 'n verskeurde land
28. hy draai ons na mekaar toe vir mekaar
29. hy, heelmaker van mense
30. hy stig vrede
31. vrede, wat die ma is van groot nasies
(10 Mei 1994)

Hierdie gedig kan op sigself gewaardeer word as besonders en aangrypend. Hierbenewens beklee die gedig 'n belangrike posisie in die bundel as geheel, waar dit op ironiese wyse kontrasteer met die voorafgaande gedig, "1995". Dit is ook veelseggend ten opsigte van Krog se oeuvre. Maar 'n vollediger waardering van Krog se gedig as pryslied is ook nodig. Die pryslied behoort tot die (mondelinge) literatuur van die Bantoetale en word algemeen as die verwickeldste en mees verhewe deel van dié literatuur beskou (Finnegan 1970: 121–122).

'n Sinvolle manier om Krog se gedig binne die *izibongo*-tradisie te ontleed, is om haar gedig te vergelyk met twee ander prysliedere vir Nelson Mandela. Sthembile Mhlangeni en Zolani Mkiva het op 10 Mei 1994 opgetree as pryssangers (Xhosa: *iimbongi*) by die presidensiële inhuldiging van Mandela. Krog se gedig is ook spesifiek na aanleiding van die inhuldiging geskryf (vergelyk die slot van hierdie artikel).

'n Bespreking van en vergelyking tussen die drie prysliedere sal veral die begrip "biografie" betrek. 'n Ondersoek na die pryslied as biografiese dokument is nog nie in die talle studies oor die genre onderneem nie,¹ terwyl sodanige ondersoek juis 'n waardevolle perspektief op prysliedere bied. Die pryslied laat blyk dat die lewensverhaal (biografie) al geslagte lank 'n kernelement van literêre skepping in die Afrikakultuur uitmaak. Sowel die letterkundige as die historikus het byvoorbeeld belang by die prysliedere vir Zulukonings soos Dingana en Senzangakhona omdat 'n mens deur dié prysliedere heelwat oor die persone self asook oor die Zulugeskiedenis te wete kom. Prysliedere daag ons uit om die tradisionele (Westerse) grens tussen die biografie en "letterkunde" te bevraagteken.

Die mate waarin prysliedere, en in hierdie artikel die Xhosa-prysliedere, biografiese dokumente is, sal in die bespreking van elk van die drie prysliedere aangetoon word deur te fokus op die dubbele wyse waarop die begrip "biografie" in prysliedere optree. Eerstens word die biografiese data van die persoon wat besing word dikwels in besonderhede in die gedig betrek en maak dit in der waarheid 'n baie groot deel van die gedig uit. Die pryslied funksioneer gevolglik as 'n tipe samevatting van die belangrikste persoonlike eienskappe en gegewens van die persoon wat geprys word. Tweedens word 'n biografie deur die pryslied gekonstrueer. In die gedig word die persoon wat besing word op 'n bepaalde wyse gerepresenteer en is die pryslied besig om saam te skep/te skryf aan die biografie van die besongene.

Uiteindelik sal die klem val op Krog se gedig, "pryslied", en die bydrae wat hierdie Afrikaanse pryslied tot die "biografie" van Nelson Mandela, asook tot die genre van die pryslied lewer. Ook die implikasies van hierdie eerste bydraes vir die Afrikaanse en Suid-Afrikaanse letterkunde sal ter sprake kom.

Xhosa-izibongo

Die vertaling van die Xhosa- en Zuluterm *izibongo* as "prysliedere" (of *praise poetry* in Engels) is nie sonder probleme nie. Dié vertaling mag die indruk skep dat die *imbongi*, wat tydens belangrike geleenthede die koning (of 'n ander leiersfiguur) aan die gehoor bekend stel deur die voordrag van *izibongo*, tydens daardie voordrag ongekwalifiseerde lofprysing op die koning uitstort (vandag word premiers, burgemeesters, en natuurlik die president op soortgelyke wyse deur *imbongi* voorgedaan). Die *imbongi* is egter meer as die koning se persoonlike reklameagent: hy is 'n tussen-ganger tussen die koning en die volk – die een wat hulle behoeftes aan die koning bekend moet maak – en is trouens die enigste persoon wat die koning eksplisiet mag kritiseer. Daar mag dus op 'n gegewe geleentheid nie veel sprake van lofprysing in 'n *izibongo*-voordrag wees nie. Verder is die woord "lied" onvanpas, aangesien hierdie orale poësie nie gesing word nie, maar wel op eiesoortige manier voorgedra word. Opland (1990, 1998) is geneig om die term *praise poetry* volledig te vermy en volstaan

met *poetry* of *oral poetry*. Dit is egter moeilik om die term “pryslied” volledig te ontbeer as ’n mens in Afrikaans na die spesifieke genre wil verwys en duidelik wil onderskei tussen Westerse poësie en *izibongo*. Om dieselfde rede kan die lastige benaming “prys-sanger” ook nie sonder meer deur “digter” vervang word nie. Die enigsins onbevredigende terminologie word gevolglik tog in hierdie artikel gebruik.²

Soos reeds genoem, behoort pryspoësie tot al die Afrikakulture van Suider-Afrika, hoewel die tradisies verskil. In Zulu en Swazi, byvoorbeeld, speel memorisering ’n baie belangrike rol. Die vaardigheid van die *imbongi* lê veral daarin om die vaste *izibongo* van etlike geslagte nagenoeg foutloos voor te dra, hoewel die volgorde van die strofes gewysig of ’n strofe selfs volkome weggelaat mag word (Opland 1998: 43). In Xhosa, daarteenoor, is improvisasie veel belangriker. *Izibongo* word ook gememori-seer en deur verskillende persone voorgedra, maar die ware *imbongi* het die beson-dere gawe om ’n gedig spontaan voor te dra wat daarna nie woordeliks te herhaal is nie (Opland 1998: 10, 11).

Transkripsies van *izibongo*

Ten spyte van die orale aard van *izibongo* maak transkripsies en vertalings hierdie tekste toeganklik vir ’n stel ontvangers wat nie tydens die voordrag teenwoordig was nie. Gememoriseerde Zulu-*izibongo* is reeds in die negentiende eeu danksy veel her-haling en geduld deur navorsers opgeteken (vgl. Stuart en Cope), maar ’n optrede deur ’n Xhosa-*imbongi* moet noodgedwonge opgeneem word indien ’n mens ’n spesi-fieke voordrag wil vaslê.

Mhlangeni en Mkiva se *izibongo* is deur Sandile Dikeni getranskribeer, en deur prof. S. Satyo, Sandile Dikeni en Antjie Krog vertaal. Die transkripsies en vertalings asook ’n onderhoud met Satyo en Dikeni (deur Krog) het in ’n artikel in *Die Suid-Afrikaan* van Julie 1994 (Krog 1994: 12–15) verskyn. Dit het ten doel gehad om die optrede van die *imbongi* tydens Mandela se inhuldiging vir die leser te kontekstual-iseer en die inhoud van die prysliedere te verduidelik.³ Albei prysliedere is later opgeneem in Krog se versameling vertalings van inheemse poësie, *Met woorde soos met kerse* (Krog 2002: 74–79).

Mkiva se pryslied is ook deur Russell Kaschula (2002: 92–96) getranskribeer en vertaal. Krog se transkripsie en vertaling stem grootliks ooreen met dié van Kaschula behalwe enkele afwykings in die Xhosa-ortografie. Die indeling van getranskribeerde prysliedere in versreëls is altyd ’n moeilike opgaaf, en Kaschula se indeling is myns insiens sinvoller as dié van Krog. Om hierdie rede maak ek van Kaschula se transkrip-sie en (Engelse) vertaling gebruik. Geen ander weergawe van Mhlangeni se pryslied as dié van Krog kon egter opgespoor word nie. Daarom maak ek daarvan gebruik soos wat dit in *Die Suid-Afrikaan* verskyn het.⁴

Sthembile Mhlangeni se pryslied

1. Inamb' emakhanda-khanda
2. yakulo Thambeka
3. yakulo Nomathokazi
4. Inambemakhanda-khanda
5. yakulo Baliwe
6. yakulo Notyatyu-u-u!
7. Ashukum' amathambo-o
8. Amathambo ka John Dube
9. Amathambo ka Kotana-a
10. Amathambo ka Albert Luthuli-i-
11. Amathambo ka Oliver Thambo-o-o
12. Amathambo ka Tshonyan' onkone
13. ngu Chris Hani
14. athi "Mayibuy' iAfrika" mayibuye!
15. Nalo ke ufafa olumadolo-dolo
16. luka Jongitaba
17. luka Hlahlo, luka Ndaba
18. luka Ngubengcuka
19. luka Dalindyebo
20. luka Mandela
21. igxiba lika Ngubengcuka
22. lika Varoyi, ka Nkonka
23. Phezu kaloku komlambo iNqunu
24. Ndiyamhloniph' umfazi wase Mampemvini
25. owosizale' igwangqa
26. ndithetha mna uNosekeni
27. UNosekeni Mfondini
28. Yiyo leyo ke Rolihlahla
29. eli hlahla larholwa mhlamnene
30. larholw' ezizweni
31. larholw' eZambiya
32. Yiyo loo nto kaloku
33. Yiyo loo nto uKaunda
34. wathi wakulijonga
35. walulilela
36. Aa! Dalibhunga
37. Ndee gram!⁵

Sthembile Mhlangeni se pryslied (Vertaling)

1. Legendaries is hy: 'n luislang met vele koppe
2. hy van die huis van Thambeka
3. van die huis van Nomathokazi
4. legendaries is hy – luislang met vele koppe
5. van die huis van Baliwe
6. van die huis van Notyaty-u-u
7. Die beendere ratel in die grafte
8. die beendere van John Dube
9. die beendere van Kotana-a
10. die beendere van Albert Luthuli
11. die beendere van Oliver Thambo
12. die beendere van Tshonyana self
13. hy die einste Chris Hani
14. en die beendere sê: Afrika, kom terug, kom terug!
15. hier is hy dan nou, hierdie lang man met die verskriklike lang bene
16. die seun van Jongitaba
17. die seun van Hlahla, die seun van Ndaba
18. die seun van Ngubengcuka
19. die seun van Dalinyebo
20. die seun van Mandela
21. uit die gevestigde familie van Ngubengcuka
22. seun van Varoyi van Nkonka
23. afkomstig van die plek op die rivieroewers van iNqunu
24. bring eer aan die vrou van die Mpemvini's
25. wat geboorte gegee het aan dié ligvellige man
26. ja, ek praat van uNosekeni
27. uNosekeni die ma van Mandela
28. Hier staan jy nou voor ons Rolihlahla
29. getrokke tak van lank gelede
30. die sleepsel van jou blare lê tussen baie nasies
31. die sleepsel lê ook in Zambië
32. dit is daarom dan
33. dit is daarom dat Kaunda
34. toe hy die sleepsel sien
35. hy gehuil het
36. Aa! Dalibhunga!
37. Ndee gram!

Volgens sowel Opland (1990: 242) as Mafela (1997: 50) maak eiename die strukturele kern van prysliedere uit. Die ganse pryslied word as 't ware opgebou rondom die verskillende name van die persoon wat besing word asook die afkoms van die persoon. Die lys van Mandela se voorgeslagte waarmee hierdie pryslied begin, is dus tipies van die pryslied. Soos hierbo genoem, funksioneer die pryslied in hierdie opsig as 'n geslagsregister. Die opnoem van die name van die voorgeslagte suggereer ook 'n kontinuïteit tussen generasies, tussen die lewendes en die dooies. Hulle is deel van die verhaal van die persoon wat besing word. In sy outobiografie lê Mandela kortliks uit presies hoe hy van die groot Thembu-koning, Ngubengcuka (reëls 18 en 21), afstam, ten einde duidelik te maak dat hy nie 'n troonopvolger was soos wat populêre mites al verkondig het nie (Mandela 1995: 4–5). Op interessante wyse word daar egter vanaf reël 8 tot reël 14 van bogenoemde patroon afgewyk. Hier staan wel 'n lys name, maar dit is die name van 'n aantal mense uit die strugle wat genoem word: John Dube, [Moses] Kotana, Albert Luthuli, Oliver Tambo en Chris Hani (Tshonyana). Hierdeur word geïmpliseer dat Mandela se voorgangers en medestryders in die strugle net so 'n belangrike deel van sy erfenis uitmaak as sy voorsate.

Die lys name in reëls 2–13 en 16–27 stel Mandela aan die gehoor bekend. Aan die een kant behou hierdie pryslied die belangrikheid van die voorgeslagte in die Afrikakultuur en plaas Mandela stewig binne sy tradisionele konteks as Xhosa, maar terselfdertyd word die geskiedenis van die strugle vermeld waarvan die Mandela se inhuldiging as president van Suid-Afrika die resultaat is.

Hoewel die bestaande biografiese inligting rondom Mandela die pryslied kwantitatief oorheers, bly die tweede aspek wat verband hou met die konstruksie van die biografie nie agterweë nie. Mhlangeni gaan op heel unieke manier te werk deurdat sy vertrekpunt basiese biografiese gegewens is, maar in die aanwending daarvan konstrueer hy 'n biografie van Mandela wat hierdie gegewens oorstyg.

Die verwerking van sowel die familie- as die strugle-geskiedenis vind reeds in die aanhef van die pryslied plaas. Die aanhef in 'n pryslied is baie belangrik, want die persoon waaroor die lied handel, word daar bekendgestel sodanig dat dit opval en die toehoorders se aandag meteens beetpak. In hierdie aanhef word Mandela se naam nie pertinent genoem nie: die metafoor "luislang met vele koppe" (*inamb' emakhanda khanda*) word gebruik. Dit verduidelik die parentese "legendaries is hy" in die Afrikaanse vertaling; 'n luislang met talle koppe is 'n legendariese wese in Afrika-volksverhale (vergelyk die volksverhale opgeteken deur Amedja, 2005 en Nyembezi 1981: 47–51). Tydens Mandela se lang gevangenskap was hy as 't ware só 'n legendariese figuur van wie almal geweet het, maar nooit gesien het nie (vergelyk Krog 2005: 180).

In reël 15 word Mandela opnuut voorgestel, maar steeds nie op die naam genoem nie. Hierdie keer is hy "die lang man met die verskriklike lang bene". Hierdie beskrywing suggereer iets van Mandela se "long walk to freedom", dit wil sê die moeilike weg wat hy namens alle swart Suid-Afrikaners afgelê het.

Dat Mandela in reëls 1 en 15 metafories beskryf word en uitgebeeld word, skep 'n gevoel van afwagting, totdat hy in reël 28 eindelijk op die naam genoem word, die naam wat by sy geboorte aan hom gegee is: Rolihlahla (Mandela 1995: 3). Die voorstelling word voltrek as die *imbongi* aankondig: "Hier staan jy nou voor ons". Besonders is die wyse waarop die betekenis van die naam Rolihlahla in reëls 29 tot 31 ontgin word: "ihlahla" beteken 'tak', en "rola" beteken "om uit te trek", dus beteken die naam letterlik "tak wat getrek word" ("rola" verteenwoordig egter die ou Xhosa-ortografie; teenswoordig is die spelling "rhola"). Figuurlik beteken die naam "iemand wat vir homself moeilikheid veroorsaak" (Mandela 1995: 3), hoewel Mandela self nie meen dat die betekenis van sy naam profeties was of sy lewe noemenswaardig beïnvloed het nie (Mandela 1995: 3; Neethling 2005: 79). Die pryssanger verwys nie na hierdie betekenis nie en gebruik die letterlike metafoor van die naam om 'n prentjie te skets van die sleepsels wat deur 'n tak op die grond gelaat is: die nalatenskap van Mandela dwarsdeur die land, dwarsdeur die wêreld.

In reël 36 word Mandela aangespreek met een van sy prysname. "Dalibhunga" is die naam wat na sy besnydenis aan Mandela gegee is (Mandela 1995: 28) en dit is 'n naam waarmee Xhosaspreekendes bekend is. Dit het 'n samebindende effek om opnuut een van Mandela se name te gebruik om die pryslied mee af te sluit.

Vanweë die opgelegde tydsbeperking tydens die presidensiële inhuldiging is Mhlangeni se pryslied relatief kort vergeleke by die meeste prysliedere. Tog slaag hy daarin om in 'n kort teks Mandela se lewensloop nie net passief aan die orde te stel nie, maar om Mandela voorts in 'n breër konteks te plaas én sy eie bydrae tot die konstruksie van Mandela se biografie te maak.

Zolani Mkiva se pryslied

1. Yaqhawuk' imbeleko!
2. Yaqhawuk' imbeleko!
3. Yaqhawuk' imbeleko!
4. Zaqhawuk' ii-ankire zentiyo nengcinezelo.
5. The ruffians of racism ... (unclear due to audience participation) are no longer,
6. The days of *baasskap* are over
7. Nguye lowo ke uMandela,
8. Zahlokom' izizwe zehlabathi ziphela,
9. Hayi kaloku ndimvil' uFidel Castro,
10. The Commandant General of the international defence units,
11. Ndimvile esithi: Solidarity in action,
12. Solidarity forever.
13. Ha-a-yi ke,
14. Ndimvile uYassar Arafat,

15. The Chairman of the PLO,
16. Ha-a-yi esithi: Long live the struggle against apartheid, long live!
17. Hayi maqabane,
18. Ziyatheth' izizwe,
19. Ziyatheth' iinkokeli;
20. Ndimvile kaloku,
21. UBoutros Boutros Ghali esithi: It will be *contra bonos mores* for the masses of South Africa not to liberate themselves.
22. Hayi maqabane,
23. Ziyatheth' izizwe,
24. Ziyatheth' iinkokeli;
25. A-hayi maqabane,
26. Ifikile ke imini ebikad' ilindelwe,
27. Yiyo lo nto sithi:
28. Bantu basemhlab' uhlangene,
29. Yimani nithi gomololo!
30. Ha-a-yi Maqabane,
31. Ntengu-ntengu-macetyana,
32. Kazi abantu belilizwe babenze ni na?
33. Yima Mandela uthi gomololo!
34. Ntengu-ntengu-macetyana,
35. Kazi amakomanisi ayenze ntoni na?
36. Yima Joe Slovo uthi gomololo!
37. Ha-a-yi ntengu-ntengu macetyana,
38. Kazi ukuba abasebenzi belilizwe babenze ntoni na?
39. Yima Jay Naidoo uthi gomololo;
40. Ha-a-yi ntengu-ntengu macetyana,
41. Kazi ukuba abefundi belilizwe babenze ntoni na?
42. Yima Sibusiso Bhengu uthi gomololo!
43. Ntengu-ntengu macetyana.
44. Kazi ukuba abafundisi-ntsapho babenze ntoni na?
45. Yima Sheppard Mdlalana uthi gomololo!
46. Ntengu-ntengu macetyana.
47. Bantu baseMzantsi Afrika yimani nithi gomololo!
48. Kazi ukuba abafundisi bakwalizwi babenze ntoni na?
49. Yima Archbishop uthi gomololo!
50. Ntengu-ntengu macetyana.
51. Bantu baseMzantsi Afrika yimani nithi gomololo!
52. Nguye lowo k'uMandela
53. Zikhalile iziwe zehlabathi,

54. Zikhalil' izizwe.
55. Ndimvil' uColonel Gadaffi esithi:
56. 'Karambanini, karambanini, akuya ta gayi ta kura'.
57. Ha-a-yi watheth' uSam Nujoma esithi:
58. 'Emangulukenenge esi sili'
59. Ha-a-yi 'oljo esimbo uThemba ufikwe Mpawe',
60. Ha-a-yi ziyatheth' izizwe,
61. Ziyatheth' iinkokeli;
62. 'Vryheid of dood oorwinning is gewis',
63. That is what we have said in the past,
64. And the struggle continues.

65. Aluta!
66. Aluta!

Zolani Mkiva se pryslied (Vertaling)

1. The umbilical cord has snapped!
2. The umbilical cord has snapped!
3. The umbilical cord has snapped!
4. The anchors of hatred and oppression have snapped;
5. The ruffians of racism... (unclear due to audience participation) are no longer
6. The days of Baasskap are over,
7. That is then, Mandela.
8. The nations of the world reacted and applauded vociferously,
9. Incidentally, I heard Fidel Castro,
10. The Commandant General of the international defence units,
11. I heard him saying: Solidarity in Action
12. Solidarity forever.
13. Now then, I have heard Yassar Arafat,
14. The Chairman of the PLO,
15. Saying: Long live the struggle against apartheid,
16. Long live!
17. Yes comrades,
18. Nations are talking,
19. Leaders are talking.
20. Incidentally,
21. I have heard Boutros Boutros Ghali saying: It will be *contra bones mores* for the masses of South Africa not to liberate themselves.

22. Yes, comrades,
23. Nations are talking,
24. Leaders are speaking.
25. Yes, comrades,
26. The day for which we waited has arrived,
27. That is why we are saying:
28. People of this united land,
29. Stand up, stand up with pride!
30. Yes, comrades,
31. The honey-bird is never without plans.
32. I wonder what the people of this land have done?
33. Stand up, Mandela, stand up with pride!
34. The honey-bird is never without plans.
35. I wonder what the communists have done?
36. Stand up Joe Slovo, stand up with pride!
37. The honey-bird is never without plans.
38. I wonder what the workers of this land have done?
39. Stand up, Jay Naidoo, stand up with pride;
40. Really, the honey-bird is never without plans.
41. I wonder what the students of this nations have done?
42. Stand up, Sibusisu Bengu, stand up with pride!
43. The honey-bird is never without plans.
44. I wonder what the teachers have done?
45. Stand up Sheppard Mdladlana, stand up with pride!
46. The honey-bird is never without plans.
47. People of South Africa stand up with pride!
48. I wonder what the preachers of this land have done?
49. Stand up Archbishop Tutu, stand up with pride!
50. The honey-bird is never without plans.
51. People of South Africa stand up with pride!
52. That is Mandela.
53. The rest of the world cried with us,
54. Nations wept (mourned),
55. I heard Colonel Gadaffi saying:
56. 'Karambanini, karambanini, akuya ta gayi ta kura'.
57. Yes, Sam Nujoma spoke and said:
58. 'Emangulukenenge esi sili'
59. Yes, 'oljo esimbo uThemba ufikwe Mpawe',
60. Yes, nations are talking,
61. Leaders are talking,

62. 'Vryheid of dood oorwinning is gewis'
 63. That is what we have said in the past,
 64. And the struggle continues.
65. Aluta!
 66. Aluta!

Dit is ooglopend dat 'n mens hier met 'n moderne weergawe van die pryslied te doen het. Die bekende konvensies van die pryslied word óf geïgnoreer, óf is in 'n gewysigde vorm aanwesig. Naas Xhosa word Afrikaans, Engels, Portugees, ensovoorts gebruik wanneer figure in hulle eie taal aangehaal word.

Dié pryslied is ewe bevolk met name, maar anders as by Mhlangeni se pryslied word die name van Mandela se voorgeslagte glad nie genoem nie. Mkiva plaas eerder Mandela vroeg in die pryslied op die wêreldverhoog wanneer hy in reël 8 vermeld dat die nasies van die wêreld op Mandela reageer. Daarop volg reëls 9 tot 21 waar verskeie politieke wêreldleiers aangehaal word.

Vanaf reël 26 fokus die pryslied op Suid-Afrika, en op die lang verwagte dag wat hom aan die afspeel was. Die pryslied spreek die ganse Suid-Afrika aan. Daarna kom die veelseggende reël "Ntengu-ntengu-macetyana" die eerste keer voor. Hierdie reël kom uit die volksverhaaltradisie waar kinders op vlug moet slaan terwyl hulle agtervolg word deur 'n skurk/monster, en dan in 'n boom klim. Wanneer die skurk die boom begin afkap, verskyn die heuningvoëltjie en uiter die towerformule: "Ntengu ntengu macetyana, kazi aba bantwana benze ntoni na? Mthi, yithi gomololo!" ("Heuningvoëltjie, heuningvoëltjie, klein houtsplinters, wat het hierdie kinders gedoen? Boom, staan regop!").⁶

Die herhaalde gebruik van die "ntengu-ntengu macetyana"-frase is 'n goeie voorbeeld van 'n verhaal wat so bekend is dat slegs 'n woord of drie in die pryslied of in 'n gesegde gebruik hoef te word om 'n mens aan die hele verhaal te herinner (Canonic 1996: 30). Die wyse waarop Mkiva die volksverhaal in sy pryslied inspan, hou in dat hy in der waarheid die teenoorgestelde betekenis van die verhaal aktiveer. Waar dit in die verhaal om die onskuld van die kinders gaan, word die aandag hier gevestig op die bydrae van bepaalde groepe in Suid-Afrika (studente, onderwysers, predikante, ensovoorts) en word eksplisiet erkenning gegee aan individue – word hulle vermaan om vas te staan soos die boom in die verhaal wat nie gevel kon word nie. Daar word gesuggereer dat hierdie helde van die strugle nie deur apartheid afgekap en ondergekry kon word nie. In hierdie opsig word Mandela as voorbeeld voorgedra (reël 33). Reëls 53 tot 61 roep weer (soos reëls 9 tot 21) die onderskraging van ander wêreldleiers en Mandela se bekendheid binne die internasionale gemeenskap in herinnering.

Soos reeds vermeld, wyk Mkiva se pryslied in talle opsigte van die tradisionele pryslied af. Wat betref die gebruik van Mandela se biografiese besonderhede, steun

die pryssanger hoegenaamd nie op Mandela se tradisionele afkoms nie. In die geskrewe weergawe van die pryslied wat Mkiva later geproduseer het, word Mandela se voorgeslagte wel vermeld (Kaschula 1997: 10–14). Soos die helde van die struggle hulle min of meer naas Mandela se voorsate as getuies in Mhlangeni se pryslied aanmeld, word Mandela in Mkiva se pryslied eweneens deur strugglefigure en talle internasionale leiers geëer. Reëls 7 en 52 is identies (“Nguye lowo ke uMandela”) en beteken “Dit is dan hy, hier: Mandela”. Albei kere gaan hierdie reël die opnoem van wêreldleiers vooraf. Die klem val dus prominent op Mandela wanneer dit handel om die wêreld se betrokkenheid by die stryd teen apartheid. ’n Moontlike rede hiervoor is dat Mandela die internasionale ikon van die struggle was. Tog ondermyn die opnoem van soveel plaaslike strugglefigure in die gedig (soos hierbo beskryf) Mandela as die enigste belangrike vegter vir vryheid. Dit is trouens die opvallendste verskil as die prysliedere van Mhlangeni en Mkiva met die tradisionele pryslied vergelyk word. Lofbetuiging en erkenning kom Mandela nie uitsluitend toe nie. Krog stel dit só: “Die belangrikste funksie van albei prysliedere was om Mandela op die dag van sy inhuldiging [daaraan] te herinner dat hy nie alleen vir die pas verworwe vryheid verantwoordelik was nie. Oor die jare heen het talle ander mense planne gemaak en offers gebring, en as hy daar staan, dan staan hy daar namens hulle almal” (Krog 2002: 80). Die twee pryssangers skep dus ook saam aan die biografie van die vryheidstryd, aan die biografie van Suid-Afrika.

Antjie Krog se “pryslied”

Krog stel Mandela in die eerste strofe voor deur ’n beskrywing van sy fisieke voorkoms te gee: “skraal skouers”, “houtschool en as is sy hare”, “sandkleurig”, “vlesige palmkusings”. Die verskaf van hierdie gegewens is kenmerkend van die tradisionele pryslied, en in hierdie opsig fokus Krog meer as Mhlangeni en Mkiva op die persoon van Mandela. Ook in reël 15 gee sy ’n kort beskrywing van die moesie op sy bolip. Deur die opnoem van hierdie eienskappe hang sy ’n portret van Mandela voor die leser op.

Krog wend tradisionele stylfigure van die pryslied aan in die gebruik van aaneenskakeling in reëls 6 en 7 (“uNosekeni, uNosekeni die ma van Mandela”) en die meld van Mandela se voorgeslagte in reëls 10, 11 en 12. Soos Mhlangeni noem sy iNqunu, waar Mandela vandaan kom, en die naam van sy stam, die Thembu-stam. Dit is dus veral in strofe een en twee dat Krog Mandela se biografiese “familiebesonderhede” saamgroeper.

Beide Mhlangeni en Mkiva het die struggle as ’n belangrike onderdeel van Mandela se geskiedenis behandel. Krog doen dieselfde in die vierde strofe. Die metafoor wat sy gebruik: “eerste ratelaar van Umkhonto weSizwe” is baie treffend, daar Mandela die eerste aanvoerder van die militêre vleuel van die ANC was (Mandela 1995: 274–287

en verder). Die benaming “Die Swart Pimpernel” is deur die pers uitgedink omdat Mandela herhaaldelik daarin geslaag het om die polisie te ontduik (Mandela 1995: 267). Op dieselfde manier as wat prysname dikwels in prysliedere gebruik word (vergeelyk Mhlangeni se gebruik van “Dalibhunga”) gebruik Krog in hierdie strofe algemeen bekende benaminge vir Mandela terwyl sy ook kreatief nuwe benaminge skep.

Krog maak dus gebruik van Mandela se biografiese besonderhede as basis vir haar pryslied, alhoewel sy dit tot kort snitte van sy biografie beperk (korter byvoorbeeld as in Mhlangeni se pryslied). Anders as die twee Xhosa-pryssangers betrek sy geen name van ander persone nie, hetsy van die struggle of die internasionale gemeenskap. Nelson Mandela is in haar “pryslied” die spil. Nie alleen maak sy voorkoms deel van haar gedig uit nie, maar sy dra ook op besondere wyse by tot die skep van Mandela se biografie in haar gedig.

Eerstens is daar reël 4: “kop en skraal skouers staan hy bo almal uit”. Die gebruik van hierdie uitdrukking is baie effektief om Mandela se belangrikheid en grootsheid onder die aandag te bring, al is sy skouers in werklikheid maar “skraal”. Mandela se waardigheid is af te lees uit ’n relatief toevallige karaktertrek vermeld in die vierde strofe: “hy wat nie lag nie en nie huil nie”.

Krog ontgin in die laaste strofe op dieselfde manier as Mhlangeni die betekenis van die naam Rolihlahla. In die laaste sewe reëls van haar gedig wyk Krog op trefende wyse af van die procédé van haar voorgangers. Mandela word onderskeidelik genoem ’n “opspoorder van harte”, iemand wat die “pante van ’n verseurde land” bymekaar maak, ’n “heelmaker van mense” (wat ’n herhaling van reël 14 is), “die stigter van vrede”. Hierdie opeenstapeling van metafore is tipiese parallellismes: dieselfde waarheid word op verskillende wyses verwoord om die belang daarvan te beklemtoon.

“Biografie” en die pryslied

Die eerste doel van hierdie artikel was om aan te toon hoe die eietydse pryslied aangewend word in die konstruksie van ’n literêre biografie. Die bondige vergelyking tussen die drie prysliedere het duidelik laat blyk hoe die prysliedere biografiese besonderhede inspan, maar ook hoe daartoe bygevoeg word om ’n biografie van iemand (bv. Nelson Mandela) te verbeeld. Die opvallendste kenmerk van hierdie biografie se konstruksie as dit vergelyk word met die individualiteit van die Westerse biografie, is die kollektiwiteit daarvan.

Hierdie teenoormekaarstelling van die kollektiewe aard van die Afrikabiografie soos beliggaam in die pryslied en die individualisme van die Weste soos dit in die begrip biografie na vore kom, behoef verdere ondersoek – ook ondersoek van die transkripsies van ouer en meer onlangse prysliedere. Die begrip “biografie” behoort dus nader gepresiseer te word.

Die bydrae van Krog

In hierdie vergelyking van drie prysliedere val Antjie Krog se “pryslied” op, aangesien dit ’n unieke verskynsel is: ’n pryslied in Afrikaans wat doelbewus die konvensies en middele van Afrikaprysliedere inspan. Só maak Antjie Krog ’n bydrae tot die genre van die pryslied. In Mhlangeni en Mkiva se prysliedere sien ons hoe die pryslied hom moderniseer ten opsigte van tematiek en die vernuwing van ou konvensies. Krog gaan verder: die pryslied word getransponeer én getransformeer tot ’n genre wat alle kulture van Suid-Afrika toebehoort.

Dink ’n mens aan ’n konsep soos “die Suid-Afrikaanse letterkunde”, is Krog se gedig ’n teks wat hieraan gestalte gee deur oor die kloue van verdeelde wêreldbeelde te eggo. Dit sluit ten nouste aan by haar vertalings van poësie uit Suid-Afrika se inheemse tale in *Met woorde soos met kerse* en *Die sterre sê Tsau* (2004). Krog se bydrae is onontbeerlik vir ’n ver-beelde Suid-Afrikaanse letterkunde. Dit is onderstreep tydens die tweejaarlikse kongres van die Afrikaanse Letterkundevereniging in September 2006 waar H. P. van Coller en Bernard Odendaal hierdie verskynsel rondom Krog ondersoek het in ’n referaat getiteld “Antjie Krog as bemiddelaar oor die grense van Suid-Afrikaanse literêre (sub)sisteme heen”. Viljoen ondersoek ook breedvoerig Krog se poging in *Met woorde soos met kerse* om “transformation through translation” (2006: 43) te bewerkstellig.

Slot

’n Teksspesifieke knelpunt wat moontlik die vergelyking tussen Krog se pryslied en die Xhosa-prysliedere kan ondermyn, is die ooreenkoms tussen Krog se pryslied en dié van Mhlangeni (reëls 21 tot 24 en 28 tot 30 onderskeidelik). Die vraag ontstaan of Krog die bewoording van haar gedig vir die vertaling van Mhlangeni’s n gebruik het of andersom. Moet die datum “10 Mei 1994” gelees word as die datum waarop die gedig geskryf is, of bloot as ’n (verdere) eksplisiete verwysing na die dag van Mandela se inhuldiging, naas die frase “in die sandkliphart vandag”? Indien Krog se gedig eerste geskryf is, hoe verklaar ’n mens dan die duidelike ooreenkoms tussen die tekste? Was sy by die Uniegebou teenwoordig daardie dag, en sou sy genoeg van die *imbongi* se optrede verstaan het om daardie reëls in haar geheue weg te bêre?

Hoewel dit nuttig sou wees om die ontstaangeskiedenis van Krog se gedig te ken, is dit egter nie volkome noodsaaklik nie. Deur Xhosa-prysliedere doelbewus te betrek, maak Krog dit duidelik by watter tradisie sy haar aansluit – ’n tradisie waarbinne kollektiewe outeurskap ’n wesenlike rol speel. Weliswaar funksioneer hierdie outeurskap sterker binne die memoriserende tradisies (soos Zulu-*izibongo*), maar selfs by die improviserende Xhosa-tradisie is dit nie uitgesluit nie. ’n Xhosa-*imbongi* mag ’n reël of twee van ’n ander *imbongi* hoor en besluit om dit in sy eie pryslied te gebruik (Opland 1998: 61). Die feit dat Krog tot háár spesifieke formulering kom, (moontlik

deur middel van vertaling van 'n ander *imbongi* se woorde, kompliseer dinge natuurlik verder.⁷ Heelwat ondersoek na die kwessies van intellektuele eiendom en die orale tradisie in Suid-Afrika behoort nog gedoen te word.

Hoe dit ook al sy, die wesenlike lê vir Krog allig in 'n verkenning van die ander literêre sisteme van Suid-Afrika, eksperimentering met die literêre konvensies van hierdie sisteme, en, waar moontlik, om daaraan mee te doen. Deur haar 'n genre en versmiddele toe te eien wat nie tradisioneel tot die Afrikaanse digter se domein behoort nie, verryk sy die Afrikaanse poësietradisie. Haar pryspoësie word voorts 'n oproep tot vrede en versoening in Suid-Afrika – 'n deurlopende eienskap van Krog se lewe en oeuvre.

Aantekeninge

1. Verreweg die meeste akademiese werk oor die pryslied is in Engels gelewer, asook in enkele ander tale van Suid-Afrika. Deur in Afrikaans oor prysliedere te skryf, betree 'n mens aan die een kant nuwe terrein maar aan die ander kant glad nie. Die doel van hierdie artikel is om die genre enigszins aan lesers bekend te stel, maar nie om 'n volledige oorsig oor die pryslied of die studie daarvan te gee nie. Westley (1998) se bibliografie is 'n uitstekende hulpmiddel om vir sodanige oorsig te raadpleeg.
2. Ek noem hierdie kwessies rondom terminologie kortliks, hoewel sodanige kwessies eintlik al behoorlik deur vakkundiges soos Opland deurgetrap is.
3. Krog se artikel in *Die Suid-Afrikaan* skeep die indruk dat Mkiva se optrede op dié van Mhlangeni gevolg het. Uit die beeldmateriaal van die inhuldiging blyk dit egter dat Mkiva op dié dag twee keer opgetree het. Die tweede keer was hy inderdaad ná Mhlangeni, pas nadat Mandela op die podium verskyn het. Hy het egter ook vroeër, voor Mandela se aankoms, opgetree, en dit is hierdie teks wat Krog en haar span asook Kaschula getranskribeer en vertaal het. Geen transkripsie van Mkiva se tweede optrede kon opgespoor word nie.
4. Ek bewus van die ortografiese onreëlmatighede in Krog se transkripsies en die feit dat Kaschula se transkripsie van Mkiva se pryslied waarskynlik betroubaarder is, hoewel die diskrepansies nie groot is nie. Om Krog se transkripsies te verbeter of oor te doen was egter nooit die doel van hierdie artikel nie, dus word haar transkripsie van Mhlangeni se pryslied as voldoende vir hierdie ontleding beskou.
5. Hierdie onvertaalde reël beteken basies "Ek stop" of "Ek verdwyn".
6. Die deeglike uitleg wat 'n eksterne keurder in sy/haar anonieme verslag van die herkoms van die frase gegee het, kon nêrens anders opgespoor word nie. Ek gebruik dit dus met dank.
7. Vergelyk Viljoen (2006: 39) oor die wyse waarop Krog se eie poëtika neerslag vind in haar vertalings van inheemse poësie.

Bronnelys

- Amedja, K. 2005. The story of five heads. <http://amedja.tripod.com/the_stor_21.html> Geraadpleeg op 12.09.2005.
- Canonici, N. N. 1996. *Zulu Oral Traditions*. Durban: University of Natal.
- Cope, T. 1968. *Izibongo: Zulu Praise Poems*. Oxford: Clarendon.
- Finnegan, R. 1970. *Oral Literature in Africa*. Nairobi & Dar es Salaam: Oxford University Press.
- Kaschula, R. 1997. Xhosa oral poetry and its reception: past and present. *South African Journal of Folklore Studies*, 8(2): 1–16.
- Kaschula, R. 2002. *The Bones of the Ancestors are Shaking: Xhosa Oral Poetry in Context*. Cape Town: Juta, Hadleigh: Brad.
- Krog, A. 1994. Focus of the imbongi. *Die Suid-Afrikaan*, 49: 12–15.
- _____. 1995. *Gedigte 1989-1995*. Groenkloof: Hond.
- _____. 2002. *Met woorde soos met kerse*. Kaapstad: Kwela Boeke.
- _____. 2005. *'n Ander tongval*. Kaapstad: Tafelberg.

- Mafela, M. J. 1997. Reflecting on trends in Tshivenda praise poetry. *South African Journal of Folklore Studies*, 8(2): 49–62.
- Mandela, N. R. 1995. *Long Walk to Freedom*. New York: Back Bay Books.
- Neethling, S. J. 2005. *Naming among the Xhosa of South Africa*. Lewiston, New York: Edwin Mellen Press.
- Nyembezi, C. L. S. 1981. Inyoka Enamakhanda Ayisikhombisa. In Nyembezi, C. L. S. *Igoda. A school readers series*. Pietermaritzburg: Lincroft Books.
- Opland, J. 1990. Xhosa *izibongo*: Improvised line. *South African Journal of African Languages*, 10 (4): 239–250.
- _____. 1998. *Xhosa Poets and Poetry*. Cape Town: David Philip.
- Stuart, J. 1968. *Izibongo: Zulu Praise-Poems*. Oxford: Clarendon.
- Viljoen, L. 2006. Translation and transformation. Antjie Krog's translation of indigenous South African verse into Afrikaans. *Scrutiny*2, 11(1): 32–45.
- Westley, D. 2002. A select bibliography of Southern Bantu Praise Poetry. *Research in African Literatures*, 33(1): 153–177.